# Inligtingsblad oor Akademia

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Dit beteken dat Akademia uitnemende opleiding en uitstaande opvoeding in Afrikaans bied. Die instelling het in 2012 vir die eerste keer klas aangebied vir 42 ingeskrewe studente en het sedertdien uitgebrei tot vyf fakulteite. In 2023 was daar meer as 2 200 ingeskrewe studente wat aan die instelling studeer het.

## *Wat is* **Akademia se visie?**

Akademia streef daarna om ŉ akademiese tuiste te bied waar denke én hart gevorm word met die oog op ŉ vrye toekoms.

## *Wat is* **Akademia se leuse?**

*Ad futurum per fontes*, oftewel "Na die toekoms deur die bronne".

Losweg vertaal vanuit Latyns, beteken dit dat ons dit wat die toekoms inhou kan trotseer, omdat ons toegerus is deur die erfenis van ons verlede.

## *Akademia se* **vyf waardes**

- Geloof, hoop en liefde
- Rentmeesterskap
- Pionierskap
- Verbondenheid
- Waarheid, goedheid en skoonheid

## *Wat kan ek by* **Akademia studeer?**

Klik hier vir ŉ volledige lys van programme by Akademia.

## *Hoe werk* **Akademia se onderrigleermodelle?**

Akademia het twee onderrigleermodelle. Studente het ŉ keuse tussen die nauurse afstandsmodel waar jy oor ŉ netwerk van sentrums landswyd of via e-leer kan studeer of die voltydse kampusmodel waar jy op die Centurion-kampus kan klasdraf.

## Hoe lyk ŉ Fontie?

Studenteprofiel van ŉ Akademia-student



**FONTIE-DENKE**
- Akademies uitnemende
- Kritiese denker
- Veranderingsintelligent

**FONTIE-INGESTELDHEID**
- Gemeenskapsverbonde
- Rentmeester
- Volhoubaarheidsingesteldheid
- Verantwoordbare burger

**FONTIE-VAARDIGHEDE**
- Tegnologies geletterd
- Nadenkende kommunikeerder

**FONTIE-BEGRONDING**
- Pioniersgees
- Christelik gegrond

## *Studentwees by* **Akademia**

By Akademia word ons studente Fonties genoem. Om ŉ Fontie te wees beteken dat jy nie net akademies presteer nie, maar ook ŉ opwindende studentelewe het. Dit beteken om hoflik te wees en respek vir mekaar te hê. Dis om in Afrikaans en binne ŉ Christelike konteks jou jeug te geniet en jou talente te ontwikkel en te gebruik tot voordeel van die ander studente en die gemeenskap. Fontiewees is die kodewoord vir ŉ bruisende studentelewe en lewenslange vriendskappe.

By Akademia is studentwees meer as net jou studies. Studente kan aan ŉ verskeidenheid studenteleweaktiwiteite soos sport, kultuur en koshuislewe deelneem asook lid wees van ŉ vereniging of klub bv. die stapklub of boek-en-boneklub.

Akademia se studentelewe bied aan studente die geleentheid om hulle eie identiteit te ontdek en te ontwikkel, om sosiale verhoudinge te ontwikkel en te koester, en om te leer hoe om in hulle gemeenskap ŉ verskil te gaan maak. Dit alles gebeur terwyl hulle hope vol pret het en herinneringe vir ŉ leeftyd maak.

## Koshuislewe

| huis STRELITZIA SEDERT 2022 | HUIS Dahlia SEDERT 2024 | SEDERT 2022 HUIS HENNOPS | HUIS MAGALIES SEDERT 2024 | HUIS Daglelie SEDERT 2024 | HUIS KAROO SEDERT 2024 |
|---|---|---|---|---|---|

Akademia het twee dames- en twee manskoshuise vir kampusstudente, asook twee daghuise.

Akademia se eerste dameskoshuis was Huis Strelitzia wat saam met die eerste manskoshuis, Huis Hennops, in 2022 gestig is. In 2024 het ŉ tweede dameskoshuis, Huis Dahlia, en manskoshuis, Huis Magalies, hul deure geopen.

Die twee daghuise is Huis Daglelie vir damestudente en Huis Karoo vir manstudente. Kampus-Fonties wat privaat woon, of nauurse Fonties naby die Centurion-area kan by hierdie daghuise inskakel en steeds deel vorm van die bruisende koshuislewe.

### BEKENDE SLAGSPREUKE WAARMEE AKADEMIA GEASSOSIEER WORD

| | |
|---|---|
| Waar denke en hart gevorm word | Jou Afrikaanse studietuiste |
| Jou loopbaanreis begin hier | Maak kennis met jou toekoms |

## *Ander interessante* **feite oor Akademia**

- Die naam Akademia, was ook die naam van die heel eerste universiteit in Athene en is deur Plato in die jaar 387 v.C. gestig.
- Akademia het sy eie koffiehuis by die Leriba-perseel met die naam Sowel As.
- Die Akademia Uitgewery het al agt boeke uitgegee sedert 2019.
- Die Fontieland-pretboek stel Akademia as studietuiste bekend aan graad 4-7's.
- Akademia bied aan skoliere ŉ gratis verwysingsgids om skooltake te vergemaklik.
- Loopbaanlens is ŉ eenstopplek vir loopbaanadvies op Akademia se webblad.
- Die NP van Wyk Louw-sentrum is verantwoordelik vir die uitbou van die vormingsideaal by Akademia.
- Die Winkel lewer gehalte en stylvolle produkte vir Akademia se studente en vriende.
- Akademia et al. bied verskeie praktykgerigte kortkursusse aan individue en ondernemings.

*Vir meer inligting oor Akademia, teken* **hier** *in vir ons nuusbrief*

## Kontak ons

087 997 1790 | 0861 222 888 | navrae@akademia.ac.za

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.